

## ***tippet 100***

**Ons staan in Praag by 'n katedraal wat byna 600 jaar geneem het om te voltooi. Dis ongelooflik. Mense begin 'n projek wat hulle weet hulle nie sal kan klaarmaak nie. Hulle sal dit aan volgende geslagte moet oordra – en dan gebeur dit...**

**Ek wonder of ons verleer het om só te dink. Ons leef in 'n wêreld van politici met 5-jaar planne en selfone wat na 2 jaar "oud" is. Ons leef vir vandag, vir nou. Ons sou gesukkel het om 'n katedraal gebou te kry.**

**Vraag: wat doen jy wat ver in die toekoms nog waarde sal hê?**

**Francois Retief**

**16 Julie 2018**